DW DEVELOPMENT WORKSHOP CHILDREN

# Lena se Eerste Dag by die skool



AFRIKAANS

Die boek behoord aan:

# Lena se Eerste Dag by die skool

**Title:** Lena se Eerste Dag by die skool

**Author:** Hilma Weber

**Illustrations:** Shiya Karuseb

**Illustrations:** Esmeralde Munana

**Layout and design:** John Meinert Printing

**Publisher:** Development Workshop Namibia

20 Nachtigal Street

P O Box 40723, Ausspannpaltz

Windhoek, Namibia

**Printed by:** John Meinert Printing

**ISBN:** 978-99945-58-57-5

**Copyright:** *All rights reserved by Development Workshop Namibia. School children and teachers can make copies and use this book in schools. This book and /or its content may not be reproduced or copied for commercial purposes.*

***The production and printing of this publication is supported by:***

DW DEVELOPMENT WORKSHOP CHILDREN

PUPKEWITZ FOUNDATION




Vandag is ‘n groot dag vir Lena. Dit is haar eerste dag by die skool. “Goeie môre, Lena, word wakker my meisiekind!” roep Lena se ma. Mamma het vir Lena pap vir ontbyt voorberei. “Hier is jou ontbyt, Lena. Jy het energie vir die dag nodig”, sê haar ma.




Lena het haar ontbyt geëet en tee gedrink. Sy was vinnig haar gesig, maak haar tande skoon en trek aan. Ma het Lena se skooltas voorberei.




Pa help vir Lena met haar skoenveters. “Jy lyk pragtig, my liewe meisiekind!” sê Lena se pa. Albei pa en ma het Lena omhels en gesoen. Ma het totsiens gesê en haar ‘n heerlike eerste dag by die skool toegewens. Pa het saam met Lena skool toe gestap.




Op pad skool toe was Lena senuweeagtig. Sy het gedink aan al die nuwe mense wat sy sal ontmoet. Die onderwyser en ander kinders. Sy het gewonder of vandag ook hul eerste dag by die skool is.




Juffrou Sofia, het by die hek gestaan. “Goeie môre, Lena. Welkom! My naam is Juffrou Sofia en ek sal jou juffrou wees.



Voel welkom by ons skool. Jy sal pret hê om te leer en baie nuwe vriende te ontmoet." Pa het  vir Lena 'n drukkie gegee en haar 'n heerlike dag toegewens.



My first day!!
Aa
Bb
Cc
Dd
1 6
2 7
3 8
4 9
5 10



“Dit is 8 uur! Kom ons begin ons eerste dag.” Juffrou Sofia roep vir Lena en die ander kinders in die klas in.

“Goeie môre kinders. My naam is Juffrou Sofia en ek is julle juffrou” stel Juffrou Sofia haarself voor.

Lena het haarself voorgestel: “My naam is Lena en ek is sewe jaar oud”. Al die kinders het hulself ook voorgestel.

Juffrou Sofia het vir die kinders gesê dat hulle in hierdie klas pret sal hê om baie nuwe dinge te leer.





Om 10:00 uur was dit pouse.

Lena en die ander kinders het buite gespeel. Hulle het ook tyd gehad om die lekkernye wat hulle van die huis af gebring het te eet en water te drink.

Om 12:00 uur sê juffrou Sofia: “Dit is nou tyd om huis toe te gaan.”

Sy het al die kinders bedank vir ‘n goeie eerste dag by die skool. Ma en Pa het Lena na skool by die huis verwelkom.



Lena het hulle alles oor haar dag by die skool vertel, van Juffrou Sofia en hoe sy met haar nuwe vriende gespeel het. Lena was opgewonde en kon nie wag vir die volgende dag om skool toe te gaan nie. Ma en Pa was bly dat Lena haar eerste dag geniet het.



Publication is supported by:

PUPKEWITZ FOUNDATION

DW DEVELOPMENT WORKSHOP CHILDREN

ISBN: 978-99945-58-57-5